Paladin Capital Beperk
Tussentydse Resultate

VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG **31 AUGUSTUS 2009**

NBW per aandeel ↑ 13%

Herhalende WVPA ↓ 15%

WVPA 29,5 sent

PALADIN CAPITAL

VERKORTE INKOMSTESTAAT

vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2009	Notas	Ongeouditeer 31 Aug 09 Rm	31 Aug 08 Rm	Geouditeer 28 Feb 09 Rm
Inkomste				
Beleggingsinkomste		**10.9**	12.1	24.0
Billikewaarde-verliese op finansiële instrumente			(0.8)	(2.2)
Ander bedryfsinkomste		**19.0**	18.1	0.5
Totale inkomste		**29.9**	29.4	22.3
Uitgawes				
Bemarking, administrasie en ander uitgawes		**(3.9)**	(16.1)	(9.1)
Totale uitgawes		**(3.9)**	(16.1)	(9.1)
Netto inkomste uit bedryfsaktiwiteite		**26.0**	13.4	13.2
Finansieringskoste		**(9.5)**	(3.6)	(12.5)
Deel van winste/(verliese) van geassosieerde maatskappye		**81.4**	1.3	(43.6)
Netto inkomste/(verlies) voor belasting van voorgesette bedrywighede		**97.9**	11.0	(42.9)
Belasting		**(1.1)**	(3.5)	(0.2)
Netto inkomste/(verlies) van voorgesette bedrywighede		**96.8**	7.5	(43.1)
Netto wins vir die tydperk van beëindigde bedrywighede				8.7
		96.8	7.5	(34.4)
Toeskryfbaar aan:		**96.8**	7.5	(34.4)
– minderheidsbelang			0.8	2.8
– ekwiteitshouers van die maatskappy		**96.8**	6.7	(37.2)
Toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die maatskappy		**96.8**	6.7	(37.2)
Nie-wesensitems	3	**32.4**	(1.5)	19.2
Wesensverdienste/(verlies)		**129.2**	5.2	(18.0)
Verdienste/(verlies) per aandeel (sent)				
– toeskryfbare		**22.1**	1.7	(9.5)
– wesens/verwaterde wesens		**29.5**	1.4	(4.6)
Dividend per aandeel (sent)				
Tussentydse			2.5	2.5
Finaal				2.5
Getal aandele (miljoen)				
– uitgereik		**445.9**	385.0	396.2
– geweegde gemiddelde		**437.8**	385.0	390.6
VERKORTE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE/(VERLIES)				
Netto inkomste/(verlies) van die groep		**96.8**	7.5	(34.4)
TOTALE OMVATTENDE INKOMSTE/(VERLIES) VIR DIE TYDPERK		**96.8**	7.5	(34.4)
Toeskrybaar aan:		**96.8**	7.5	(34.4)
– minderheidsbelang			0.8	2.8
– ekwiteitshouers van die maatskappy		**96.8**	6.7	(37.2)

VERKORTE STAAT VAN KONTANTVLOEI

vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2009	Ongeouditeer 31 Aug 09 Rm	31 Aug 08 Rm	Geouditeer 28 Feb 09 Rm
Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**17.5**	(48.5)	(60.7)
Netto kontantvloei uit beleggings-aktiwiteite	**(43.1)**	(100.5)	(71.1)
Netto kontantvloei uit finansierings-aktiwiteite	**27.0**	146.7	131.4
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	**1.4**	(2.3)	(0.4)
Kontant en kontantekwivalente aan begin van die tydperk	**0.1**	4.4	4.4
Kontant en kontantekwivalente aan einde van die tydperk	**1.5**	2.1	4.0
– Voortgesette bedrywighede	**1.5**	2.1	0.1
– Beëindigde bedrywighede			3.9

VERKORTE STAAT VAN VERANDERINGS IN EIENAARSEKWITEIT

vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2009	Ongeouditeer 31 Aug 09 Rm	31 Aug 08 Rm	Geouditeer 28 Feb 09 Rm
Gewone aandeelhouersekwiteit aan begin van die tydperk	**602.0**	633.6	633.6
Netto aandele uitgereik	**192.8**	4.4	26.7
Totale omvattende inkomste/(verlies)	**96.8**	6.7	(37.2)
Gesamentlike beheer	**(116.3)**		
Dividend betaal	**(9.9)**	(12.3)	(21.1)
Gewone aandeelhouersekwiteit aan einde van die tydperk	**765.4**	632.4	602.0
Minderheidsbelang		1.1	1.7
Begin van tydperk	**1.7**	1.1	1.1
Netto inkomste vir die tydperk		0.8	2.6
Beweging in belange in filiale	**(1.7)**		(0.3)
Dividend betaal		(0.8)	(1.7)
Totale ekwiteit aan einde van die tydperk	**765.4**	633.5	603.7

VERKORTE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

op 31 Augustus 2009	Notas	Ongeouditeer 31 Aug 09 Rm	31 Aug 08 Rm	Geouditeer 28 Feb 09 Rm
BATES				
Eiendom, aanleg en toerusting			0.4	
Ontasbare bates			5.2	
Belegging in geassosieerde maatskappye	2	**941.0**	714.0	709.8
Inkomstebelasting ontvangbaar			0.3	1.1
Finansiële bates				
Ekwiteitsekuriteite			32.2	2.6
Lenings en voorskotte		**1.8**	24.9	19.5
Ontvangbare rekeninge			10.2	2.0
Kontant en kontantekwivalente		**1.5**	2.1	0.1
Nie-bedryfsbates gehou vir verkoop				36.7
Totale bates		**944.3**	789.3	771.8
EKWITEIT				
Gewone aandeelhouersekwiteit		**765.4**	632.4	602.0
Minderheidsbelang		**–**	1.1	1.7
Totale ekwiteit		**765.4**	633.5	603.7
LASTE				
Versekeringskontrakte			1.7	
Finansiële laste				
Lenings		**177.8**	122.5	150.7
Handels- en ander betaalbare rekeninge		**1.1**	31.6	1.1
Laste direk verwant aan nie-bedryfsbates geklassifiseer as gehou vir verkoop				16.3
Totale laste		**178.9**	155.8	168.1
Totale ekwiteit en laste		**944.3**	789.3	771.8
Netto batewaarde per aandeel (sent)		**172**	164	152

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE

vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2009	Ongeouditeer 31 Aug 09 Rm	31 Aug 08 Rm	28 Feb 09 Rm
Herhalende wesensverdienste	**50.8**	52.2	104.3
Ekwiteitverantwoorde verdienste van geassosieerde maatskappye	**52.9**	52.8	101.0
Ander inkomste en uitgawes	**(2.1)**	(0.6)	3.3
Nie-herhalende wesensverdienste/(verlies)	**98.9**	(32.2)	(86.4)
Merk-tot-mark winste/(verliese) van Thembeka	**97.3**	(32.2)	(86.4)
Ander inkomste en uitgawes	**1.6**		
Befondsingskoste en SBM	**(20.5)**	(14.8)	(35.9)
Paladin	**(8.0)**	(3.6)	(12.9)
Thembeka	**(12.5)**	(11.2)	(23.0)
Totale wesensverdienste/(verlies)	**129.2**	5.2	(18.0)
Statistiek			
Herhalende WVPA (sent)	**11.6**	13.6	26.7
Herhalende WVPA na befondsingskoste en SBM (sent)	**6.9**	9.7	17.5
WVPA (sent)	**29.5**	1.4	(4.6)

AANTEKENINGE BY VERKORTE FINANSIËLE STATE

vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2009

1. Aanbiedingsgrondslag en rekeningkundige beleid

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state is ooreenkomstig IRS 34 – *Tussentydse Finansiële Verslagdoening* opgestel en moet gelees word saam met die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2009, wat voorberei is ooreenkomstig IFRS. Die rekeningkundige beleid wat met die opstel van die tussentydse gekonsolideerde finansiële state toegepas is, stem ooreen met die beleid wat in die vorige jaar toegepas is, met uitsondering van die volgende standpunte wat met ingang 1 Maart 2009 van krag geword het: IRS 1 (gewysig) – *Aanbieding van finansiële state* en IFRS 8 – *Bedryfsegmente*. Die aanneem van hierdie standpunte het geen wesenlike uitwerking op die resultate nie en het ook nie herstatering van die resultate genoodsaak nie.

2. Belegging in geassosieerde maatskappye

	Ongeouditeer 31 Aug 09 Rm	31 Aug 08 Rm	Geouditeer 28 Feb 09 Rm
Drawaarde			
Genoteer	**367.1**	213.3	246.1
Ongenoteer	**573.9**	500.7	463.7
	941.0	714.0	709.8
Direkteurswaardasie van ongenoteerde beleggings	**526.6**	591.9	306.7

3. Nie-wesensitems (na belasting en minderheidsbelang)

Waardedaling in beleggings	**54.7**		10.1
Netto wins op verkoop van filiale en minderheidsbelang	**(17.7)**		
Nie-wesensitems van geassosieerde maatskappye	**(4.6)**	(1.5)	9.1
	32.4	(1.5)	19.2

4. Verpligtinge en voorwaardelike aanspreeklikhede

Die maatskappy het op 31 Augustus 2009 geen kapitaalverpligtinge of voorwaardelike aanspreeklikhede gehad nie.

5. Verwanteparty-transaksies

Paladin het gedurende die oorsigtydperk sy belegging van 74.9% in PSG Capital (Edms) Bpk vir R25 miljoen verkoop en die belegging van 9.4% in Petmin gekoop. PSG Groep was 'n party tot beide transaksies, as deel van die interne herstrukturering.

Die lening by PSG Corporate Services (Edms) Bpk het R178 miljoen bedra soos op 31 Augustus 2009 en rente loop op teen PSG se leningskoers plus 50 basispunte.

6. Aandelekapitaal en -premie

	Ongeouditeer 31 Aug 09 Rm
Saldo aan begin van die tydperk	**504.6**
Aandele-uitgifte vir Petmin-verkryging	**92.0**
Aandele-uitgifte ingevolge die herstrukturering*	**101.3**
Koste van aandele-uitgifte	**(0.5)**
Saldo aan einde van die tydperk	**697.4**

** Dit sluit in die Mainfin-, Aandele Aansporingskema Trust- en Kumani-transaksies.*

Kommentaar

Paladin, 'n beleggingsmaatskappy, het vanuit die PSG Groep se stal ontstaan en bly laasgenoemde se voorkeur-beleggingsinstrument in industrieë buiten die finansiële- en landbouverwante sektore. Paladin se beleggingsportefeulje bestaan tans uit 13 beleggings.

Omvattende besonderhede van die portefeulje is vervat in die voornoteringsverklaring en regte-uitgifte-omsendbrief wat aan aandeelhouers gestuur is en ook beskikbaar is op die webwerf by www.paladincapital.co.za.

Resultate

Paladin se *wesenverdienste* en *toeskryfbare verdienste per aandeel* het tot onderskeidelik 29,5 sent (2008: 1,4 sent) en 22,1 sent (2008: 1,7 sent) gestyg – hoofsaaklik as gevolg van gunstige merk-tot-mark bewegings van Thembeka Capital se genoteerde beleggings in die JSE, PSG en Capitec Bank. Thembeka se bydrae tot Paladin se wesenverdienste het R94,5 miljoen bedra (2008: R35,9 miljoen wesensverlies).

Herhalende wensensverdienste is die direksie se vernaamste maatstaf van Paladin se finansiële prestasie. Die volhoubare verdienste van filiaal- en geassosieerde maatskappye is ingesluit by herhalende terwyl merk-tot-mark winste/verliese en eenmalige items as *nie-herhalende wesenverdienste* getoon word.

Herhalende wesensverdienste per aandeel en *herhalende wesensverdienste per aandeel (na befondsingskoste en SBM)* het met onderskeidelik 15% tot 11,6 sent en 29% tot 6,9 sent gedaal. Dit is hoofsaaklik toeskryfbaar aan 'n verliesbydrae deur GRW. Die GRW-groep, wat aluminium- en staaltenkwaens vervaardig, is swaar getref deur die afswaai in die ekonomie en Paladin se direksie het gevolglik 'n omsigtige benadering gevolg deur die belegging van R91 miljoen tot R39 miljoen af te waardeer na die huidige mark-verwante waarde, wat die waarde is wat konstant gebruik was in die berekening van intrinsieke waarde. Die maatskappy is egter sedert Julie 2009 weer winsgewend en toeskomvooruitsigte lyk belowend. Ander maatskappye waarin belê is, het volgens verwagting presteer. Die meeste maatskappye het beter verdienste gelewer as vir die verglykende tydperk in die vorige jaar.

Paladin se *netto batewaarde per aandeel* het met 13% tot 172 sent gestyg.

Korporatiewe aksie

- Paladin se suksesvolle notering op die AltX.
- Die verkryging van 'n belang van 50% in die privaat skoolgroep Curro Beherend op 1 Julie 2009, vir 'n kontantkoopsom van R50 miljoen.
- Die verkryging van 'n belang van 9.4% in Petmin vir R92 miljoen van PSG Groep by wyse van 'n aandele ruiling op 1 Maart 2009.
- Die verkoop van Paladin se belang van 25,1% in Mainfin aan sy oorspronklike verkopers.
- African Unity Insurance het 'n addisonele onderneming verkry waarna Paladin se belang van 54% na 43% verwater het.

INTRINSIEKE WAARDE OP 31 AUGUSTUS 2009

MAATSKAPPY	OMSKRYWING	% GEHOU	% VAN PORTEFEULJE	WAARDE ^ RM
THEMBEKA	SEB-beleggingsmaatskappy	49%	*26%*	**229**
CIC	Verbruiksgoedere-dienste	49%	*15%*	**136**
PRECRETE	Myn-ondersteuningsdienste	22%	*13%*	**117**
PETMIN	Gediversifiseerde mynmaatskappy	9%	*11%*	**100**
ERBACON	Konstruksie	26%	*9%*	**78**
CURRO	Privaat onderwys	50%	*6%*	**50**
GRW	Tenkwa-vervaardiging	40%	*4%*	**39**
LESOTHO MILLING	Meule	25%	*4%*	**38**
PROTEA GIETERY	Nie-ystergietery	50%	*3%*	**30**
IQUAD	Uitkontrakteringsdienste	43%	*3%*	**29**
TOPFIX	Konstruksie-ondersteuning	18%	*2%*	**20**
AFRICAN UNITY	Lewens- en verwante versekering	43%	*1%*	**13**
AXON	Skripuitlening	35%	*1%*	**6**
ANDER			*1%*	**5**
TOTALE BELEGGINGS			***100%***	**890**
NETTO SKULD			***18%***	**(163)**
TOTALE MARKVERWANTE WAARDE				**727**
AANDELE UITGEREIK (M)				**446**
MARKVERWANTE WAARDE PER AANDEEL (SENT)				**163**
MARKVERWANTE WAARDE PER AANDEEL OP LAASTE PRAKTIESE DATUM (SENT)				**179**
MARKVERWANTE WAARDE PER AANDEEL NA DIE REGTE-UITGIFTE (SENT)*				**165**

^ Intrinsieke waarde word bereken deur markwaardes vir die genoteerde beleggings en markverwante waardes vir ongenoteerde beleggings te gebruik.

** Gegrond op die aanname dat die regte-uitgifte ten volle opgeneem sal word.*

Regte-uitgifte

Paladin is besig om R150 miljoen deur 'n afwysbare regte-uitgifte te verkry. PSG sal minstens R50 miljoen van sy regte volg en het, ten gunste van sy aandeelhouers, van sy oorblywende regte afstand gedoen. Aanduidings is dat die volle bedrag verkry sal word en aangewend sal word om toeskomstige geleenthede te benut. Verder sal die regte-uitgifte daartoe lei dat Paladin sy aandeelhouersbasis verbreed.

Vooruitsigte

Die direksie is vol vertroue oor die kwaliteit van sy beleggings en die vooruitsigte vir die toekoms. Paladin se beleggingsmaatskappye is goed gekapitaliseer en geposisioneer om verdienste en markaandeel in hul onderskeie industrieë te verhoog. Paladin sal voortgaan om waarde tot hierdie maatskappye toe te voeg deur 'n aktiewe bydrae op 'n strategiese vlak te lewer.

Dividend

Die direksie het in die lig van Paladin se langtermyn groei strategie die dividendbeleid heroorweeg en besluit om nie dividende in die nabye toekoms te betaal nie.

Namens die direksie

Jannie Mouton
Voorsitter

Francois Swart
Uitvoerende Hoof

Stellenbosch
7 Oktober 2009

www.paladincapital.co.za

Paladin Capital Beperk (Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika) (Registrasienommer 2007/032836/06) Aandeelkode: PLD ISIN: ZAE000138970 ("Paladin" of "die maatskappy")

Direkteure JF Mouton (Voorsitter), FW Swart (Uitvoerende Hoof)*, J Bezuidenhout (Finansiële Direkteur)*, E de V Greyling#, KP Harris #, JA Holtzhausen, PJ Mouton, JD Wiese # (* uitvoerend # onafhanklik, nie-uitvoerend)

Sekretaris en geregistreerde kantoor PSG Corporate Services (Edms) Beperk, 1ste Verdieping, Ou Kollege, Kerkstraat 35, Stellenbosch 7600 Posbus 7403, Stellenbosch 7599

Oordragsekretaris Computershare Investor Services (Proprietary) Limited (Registration number 2004/003647/07) Ground Floor, 70 Marshall Street, Johannesburg, 2001

Borg PSG Capital

GREYMATTER & FINCH # 4946